

# FORMULIER VIR DIE OPENBARE BELYDENIS VAN GELOOF

---

Geliefdes in die Here Jesus Christus

**Fundering** Die openbare belydenis van geloof is ingestel om aan verbondskinders die geleentheid te gee om persoonlik voor God en die gemeente rekenskap van hulle geloof te gee. So antwoord hulle op die toesegging van God se beloftes in die doop.

**Wese en doel van belydenis aflegging** Om belydenis van geloof af te lê, beteken dat julle\* met die mond bely wat julle ook met die hart glo, naamlik dat Jesus die Here is. Dit is 'n belofte wat julle maak om alleen op Hom te vertrou, om te lewe volgens sy Woord, getrou deel te neem aan die erediens en aan alle aktiwiteite van sy kerk, om te volhard in die gebed en om God op alle terreine van die lewe deur woord en daad te verheerlik.

Voorts beteken die openbare belydenis van geloof dat julle verklaar dat dit julle opregte voorneme is om in hierdie belydenis te volhard en steeds daarin te groei.

**Daad van Belydenis** Aangesien julle die kerkraad oortuig het van julle genoegsame kennis van die Bybel en van die leer van die kerk en van julle persoonlike geloofsvertroue, het die kerkraad met blydschap toestemming verleen dat julle in die openbaar julle geloofsbelydenis mag aflê en so toegang kry tot die nagmaal. Daarom versoek ek julle om voor God en sy gemeente op die volgende vrae opreg te antwoord:

*Ten eerste:* Glo jy dat die leer soos in die Ou en Nuwe Testament en in die artikels van die Christelike geloof vervat is en in die kerk hier geleer word, die ware en volkome leer van die verlossing is?

*Ten tweede:* Beloof jy om as lidmaat van die gemeente van Christus deur sy genade in die beiydenis van die leer tot die einde van jou lewe te volhard, en alle leringe wat daarvan afwyk, te verwerp?

*Ten derde:* Bely jy dat die Here Jesus Christus jou persoonlike Verlosser is en dat jy Hom liefhet? Beloof jy om Hom te dien, sy Naam getrou te bely voor die mense en om aktief aan die werksaamhede van die kerk deel te neem?

*Ten slotte:* Beloof jy dat jy jou onderwerp aan die kerklike opsig en tug?

*Antwoord:* Elkeen afsonderlik, hardop "ja". (Die groep kan die Credo saam hardop sê.)

- Verklaring Op grond van die genadeverbond, soos verseël deur die doop, en kragtens die belydenis wat julle so pas afgelê het, word hiermee verklaar dat julle belydende lidmate is van die Nederduitse Gereformeerde gemeente van ...
- Vermaning In die goeie wedloop van die geloof moet julle al julle kragte inspan en die ewige lewe as prys behaal. Daartoe het God julle geroep en het julle die goeie belydenis voor baie getuies afgelê.
- 1 Tim 6 :12 Gemeente, sien om na hierdie lidmate, ontvang hulle as mede-lede van die  
Heb 10:24 liggaam van Christus. Moedig hulle aan tot liefde en goeie werke en bid vir  
Joh 13:35 hulle. Leef in liefde met mekaar saam, want ons Heiland het gesê: "As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."

### **Gebed**

Barmhartige God en Vader

Ons dank U dat U u werk voortsit en hierdie broer(s) en suster(s) geroep en gebring het om belydenis te doen van hulle geloof in U.

Ons bid dat U hulle deur u Heilige Gees hoe langer hoe sterker sal bind aan Jesus Christus en sy kerk.

Ons bid dat U hulle sal staande hou en laat groei in die geloof en kennis van ons Here Jesus Christus; dat U hulle voortdurend sal lei tot 'n lewe van diens en gehoorsaamheid aan U, tot kragtige getuies in die wêreld, en dat U hulle sal bewaar van versoeking.

Gee dat hulle in die laaste dag onder die skare van uitverkorenes in oorwinning voor u troon sal verskyn. Ons vra dit in die Naam van ons Here Jesus Christus. *Amen*

*\*\*"julle" kan ook vervang word met "jy" en "u" na gelang van omstandighede*